Dinsdag **16 April**

**Skrifgedeelte: Levitikus 11**

**Fokusgedeelte: Levitikus 10:10, 11; 11:45-47**

**Onderrig in voedselkeuses om heilig te lewe**

Die indeling van die diereryk in Levitikus 11 het simbolies gewys op heilig wees in die heilige God se teenwoordigheid (11:45). Verse 1-8 handel oor eetbare (rein) en oneetbare (onrein) landdiere; verse 9-12 oor waterdiere en verse 13-23 oor vlieënde diere. Verse 24-47 handel oor die reinigingsprosedure in geval van besmetting met ’n onrein dier. In elke klas word die beginsel van beweging gestel. Diere wat nie voldoen aan die betrokke klas se manier van beweging nie, is as onrein verklaar. ’n Verdere indeling by die land- en vlieënde diere bepaal watter diere as offerandes gebruik kon word.

Hierdie hoofstuk weerspieël die grade van heiligheid in die laer van God se volk: die priesters wat offer, was heilig; die meerderheid van die volk in die kamp/laer was rein en die buitekant van die laer was onrein.

Die onderskeid tussen rein en onrein kos het gedui op die afsondering van God se heilige volk van die heidennasies. Hulle dieet, wat beperk was tot sekere voedsel, was ’n uitdrukking daarvan dat God Homself in sy keuse uit al die nasies, tot Israel beperk het. As Israel daagliks moes onderskei tussen rein en onrein voedsel, word hulle daaraan herinner dat heiligheid méér was as eet en drink. Hulle leefwyse moes gekenmerk word deur reinheid en suiwerheid (vgl. Matt. 5:48; Rom. 14:14, 17; Titus 1:15).

Die koms van Christus het die middelmuur van skeiding tussen Jood en nie-Jood, waarvan die onderskeid in voedsel simbool was, verwyder (Ef. 2:14; Hand. 10:11-15). Reinheid of onreinheid word nou nie deur voedsel bepaal nie, maar deur wat uit jou hart uitgaan (Mark. 7:14-23). Om heilig en rein voor God in die erediens (Heb. 10:19-22), elke dag en oomblik in sy teenwoordigheid te mag leef, dáártoe roep God sy kerk op (1 Pet. 1:16; 2 Kor. 7:1; Matt. 5:8; Rom. 1:18-32). Hy het sy kerk deur die Heilige Gees geheilig en deur die bloed van ons enigste Hoëpriester, Jesus Christus ons Here, gereinig (1 Kor. 6:11).

*Sing: Psalm 99-1:1, 2, 5; 15-1: 1; 34-1:5*

*Ds. JH Grobler (Hans) (Reddersburg/Bloemfontein-Suidheuwels)*